Ontmoeting 2

Die brief van Jakobus

Kinders ontdek op 'n eenvoudige manier die kernbegrippe uit die boek Jakobus. Die 3 dinge wat ons kan doen om 'n getroue Christelike lewe te lei, is om te bid, die regte dinge te doen en versigtig te wees met ons woorde.

Teks: Jakobus
Hulpmiddels:

- Slakkie die Posslak (meer inligting oor Slakkie Posslak in Boek 11 Ontmoeting 6 "Paulus se brief aan die Romeine")
- 'n Groot koevert met Oupa Pietie se brief daarin

  Die letters B, D en P op afsonderlike A4-kartonne. Agterop die letters kom die volgende:

  B – Biddende hande prentjie

  D – Voetjies wat hardloop prentjie

  P – Prentjie van 'n mond

- 'n Bedlampie
- Rooi, oranje en groen papier
- Afdrukke van die tong aktiwiteit (vriendelik en hartseer gesig), 2 rooi tonge per kind
- Skryfbehoeftes
- Gom

Welkom

"Rock, paper, scissors" toernooi: Verdeel in pare. Die kinders speel 2-2 "rock, paper, scissors" (beste uit drie pogings). Die verloorder gaan staan agter die wenner. Hierna speel die wenners teen mekaar, maar elkeen het nou iemand wat agter hom staan en hom aanmoedig. Die wenner van die tweede rondte staan nou voor en die ander twee gaan staan ook agter hom. Die wenners speel weer teen mekaar, maar hierdie keer het hulle 3 kinders wat agter hulle staan en hulle aanmoedig. Hou aan om elke keer die verloorgroepie agter te laat inval, totdat daar net 2 spelers oorbly – elkeen met 'n groep wat hul maatjie toejuig om te wen.

"Soek die verskille":
Verdeel in pare. Die twee wat saam is, kry 30 sekondes om soveel as moontlik van mekaar se voorkoms waar te neem. Na die 30 sekondes draai hulle weg van mekaar en verander iets aan hulself. Die leier gee die opdrag om terug te draai. Hulle moet dan probeer om so vinnig as moontlik agter te kom wat verander het.

Wyding

Stilword-ritueel:
Sit stil op 'n plekkie, haal diep asem en blaas weer uit.
Luister na die volgende woorde: "Die Here sien jou. Hy ken jou naam. Hy weet hoe oud jy is. Hy weet wat jy doen. Hy weet wat jy sê. Hy sien jou lag. Hy hoor as jy huil. Hy het jou gekies vir sy span."

Woord

Dialoog tussen die aanbieder en Slakkie Posslak:

SP: Ummf, ugh... (kreun en steun)

Aanbieder: O aarde, wie kla dan so?
SP: *(Kom te voorskyn en mompel soos iemand met 'n mond vol kos – hy hou mos die pos in sy mond vas.)*

Aanbieder: Ag siestog, kom ons help vir Slakkie. *(Haal die koevert uit sy mond.)*

SP: *(Rek sy mond groot oop en toe.)* Ag, dankie tog! Hierdie mondvol pos het my slakspiere verrek. Ek is seker daarvan!

Aanbieder: Dagsê, Slakkie Posslak. Wat bring jy vandag vir ons?

SP: Ek weet nie wat in hierdie koevert is nie, maar dit moet 'n groot boodskap wees. Dit was swaar op my tong. Ek het dit amper hier buite onder 'n bos weggesteek. Ek was nie meer lus om dit verder te dra nie.

Aanbieder: Ai Slakkie, dan sou ons nooit die boodskap kon kry nie. En dan het jy nie jou werk as Slakkie Posslak gedoen nie!

SP: Ja, dis seker waar. Maar dis harde werk om altyd te doen wat mense van jou vra. Maar gaan ons nie lees wat Oupa Pietie Preekstoel gestuur het nie?

Aanbieder: Als reg, Slakkie. Baie dankie dat jy tog gedoen het wat jy moes!

(Maak die koevert oop, haal die brief uit en lees dit voor.)

Ai, my liewe kinders op ver plekke... Hier op die preekstoel moes ek ook nou al baie dinge sien. Maar laat ek julle vertel van die keer wat die dominee so woes gepreek het dat hy my natgespoeg het so deur die praat! Dit het gebeur toe hy uit Jakobus gelees het.
Was jy al in 'n klas waar iemand dieselfde naam of van as jy gehad het? Dit kan 'n mens soms deurmekaar maak, nè! Net soos ons vandag heelwat Johans en Melanies kry, was die naam Jakobus 'n algemene naam in die Bybelse tyd. So ons moet nou nie deurmekaar raak nie, hoor. Daar was 'n dissipel met die naam Jakobus, maar hy het nie hierdie brief geskryf nie. Hierdie Jakobus was niemand anders as Jesus se broer nie! Hy was een van Josef en Maria se seuns. Hoe spesiaal is dit?

Jakobus het 'n brief geskryf om vir mense te verduidelik hoe ons op aarde as kinders van God moet leef. Dit is so 'n lekker brief. Dit klink soos die "Doen dit self"-boeke. Het julle al 'n "Doen dit self"-boek van binne gesien? Dit wys gewoonlik stap vir stap foto's.

Jakobus se stap 1 was altyd om te BID.

Hy het vertel dat ons bly kan wees as slegte goed met ons gebeur, want dit is soos 'n toets of ons regtig die Here gaan vertrou. As jy nie weet wat die Here wil hê jy moet doen nie, gaan vra vir die Here in gebed vir wysheid. Jy hoef nie bang te wees dat Hy nie na jou sal luister nie – Hy sal jou graag wil help. As jy klaar gevra het, moet jy glo dat Hy sal help! Hy sal jou wys wat die regte ding is om te DOEN – maar dan moet jy dit gaan DOEN.

Dit is stap 2 – DOEN

Julle! Jakobus was ħ reguit man. Hy het sommer netso vir die mense gesê: "Moenie kwaad word en dikmond sit nie. Gee ander mense ħ kans om te PRAAT. En as jy dinge sê waarvan God nie gaan hou nie: HOU OP! ħ Goeie kind van die Here luister nie net wat God sê nie, hulle DOEN dit ook! Weet jy hoe is iemand wat net luister wat die Here sê, maar nie wil doen wat Hy vra nie? Dit is soos iemand wat in die oggend opstaan en in die spieël sien hoe deurmekaar sy hare is. Hy draai dan net om, doen niks daaraan nie en vergeet dadelik hoe deurmekaar sy hare is. Sê nou daar is iemand wat kerk toe gaan en vir almal vertel hy is ħ Christen, maar daardie persoon praat lelik, baklei en skinder soos hy wil. Wat dan? ħ Kind van die Here maak nie so nie. Die Here hou niks daarvan nie."

Stap 3: PRAAT

Die derde stap van Jakobus is nogal ħ moeilike een. Dit gaan oor PRAAT. Wys gou vir my julle tonge. Hoe groot is jou tong? Het jy geweet jou tong is een van die gevaarlikste wapens wat jy het? Dit werk soos ħ kar se stuurwiel: as die stuurwiel draai, draai die hele kar. Dit is soos ħ klein vuurtjie wat ħ groot bos kan laat brand! Vloek of skinder nou net... dan sien almal sommer hoe sleg jy is. Jou tong kan jou hele lewe stukkend "brand", daarom moet jy DINK voor jy PRAAT. ħ Mens kan mos nie met dieselfde tong mooi praat oor God EN lelik op iemand skel nie. Daarom praat ons nie lelik van ons maats nie. Praat die waarheid, dan sal jy nie by die Here in die moeilikheid kom nie.

Jakobus wys ons moet al 3 stappe doen, nie net een nie. Om soos kinders van God te lewe, bid, doen en praat ons reg. Jakobus eindig sy brief af deur te sê ons moet ons maats help sodat ons almal getrou aan die Here kan bly. Ek is nou moeg gepraat, maar julle moet nou eers die leidraad hier in die koevert oplos om die 3 stappe vir ħ goeie lewe te vind.

Ek wonder waarvoor staan hierdie letters dan: B, D, P? *(Vir kleintjies kan jy die prente wys.)*

Sjoe, BID – DOEN – PRAAT!! Dis omtrent ħ mondvol. Maar ek wonder, hoekom kan ons nie net BID of net DOEN nie of net PRAAT nie? Hoekom moet ons al 3 doen?

Dit laat my dink aan ħ lampie. Dit bestaan uit die lampie, die gloeilampie en ħ koord wat by die muurprop ingedruk word. Kom ons sit die lampie aan en kyk of dit werk. *(Die lampie skyn.)* Nou, kom ons sê ons besluit ons wil nie meer die gloeilampie gebruik nie. Gaan die lampie nog werk? *(Haal gloeilampie uit en skakel die lampie aan.)* O aarde, daar is nie lig nie! Goed, kom ons sit die gloeilampie terug. Maar, ek dink ons moenie meer krag gebruik nie, want ons moet mos elektrisiteit spaar. So kom ons trek die muurprop uit. Dit sal seker mos werk, want die gloeilamp is mos in. Een.. twee... drie... *(Druk die skakelaar aan.)* O aarde, daar is dan niks!! Hoekom gebeur daar niks nie?

Goed, kom ons gebruik die elektrisiteit. Die gloeilamp is in, die krag is aan, die lampie is regop, so kom ons kyk of dit nou weer sal skyn.

Net soos die lampie verskillende dele het wat dit laat werk, net so moet die Here se kinders BID, DOEN en PRAAT.

Kom ons sit bewegings by: BID (hande saam) / DOEN (hardloop op een plek) / PRAAT (maak hand oop en toe soos 'n pop wat praat). Ons kan nie net BID en niks DOEN nie. Ons kan nie net DOEN en niks BID nie. Ons kan nie net BID en niks PRAAT nie.

BID vir mekaar: Bid vir jou maatjies en die mense rondom jou.

DOEN goed aan ander: Moenie net sê wat moet gedoen word nie, gaan doen dit. *(Hier kan julle voorbeelde noem.)*

PRAAT goed van ander: Moenie lelik praat van jou maats nie, moenie jok nie, ens.

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder watter een van die drie opdragte is vir jou maklik om te doen.
2. Ek wonder watter een van die drie opdragte is vir jou moeilik om te doen.
3. Ek wonder wat kan mens doen om beter te word in al drie.

Werskaf

- Maak ŉ verkeerslig met die volgende woorde by elke kleur: Rooi: Stop en bid / Oranje: Dink voor jy praat / Groen: Doen wat God vra
- Die tong: Kopieer die patroon op ŉ A4–papier. Sny die dun lyntjies binne die lippe met ŉ kunsmessie. Vou die papier in die helfte en weer in die helfte. Die eerste vou moet aan die onderkant van die "boekie" wees. Gom net die sykante toe. Los die bokant oop. Kopieer 2 tonge op rooi karton vir elkeen. Steek die tong van die binnekant af deur die gleufie in die lippe. Laat steek ŉ klein deeltjie van die tong uit. In die ontmoeting trek die kinders elke tong ŉ klein entjie op ŉ slag uit en skryf woorde op die tonge. Op die vrolike gesiggie se tong skryf ons goeie dinge en op die hartseer gesiggie kom slegte dinge. Vat dit huis toe en gaan vertel die boodskap by die huis.

Sluit af met die seënbede

(Almal hou hande vas in ŉ kring; die kinders herhaal agter die aanbieder aan.)

Dankie, Heer, vir die Bybel voor ons; Dankie, Heer, vir die maatjies langs ons; Dankie, Heer, vir die liefde tussen ons. Amen




Stop
en
bid
Dink
voor jy
praat
Doen
wat God
vra